

die verband moet nuwe tipes leksikografiese aanbiedings oorweeg word.

7.3 Temporele verankering

Soos dit met ruimtelike etikette die geval is, moet die gebruik van temporele etikette ook in tandem met aanvullende aanduiders optree. Wanneer leksikografe 'n besluit oor die gebruik van temporele etikette neem, is dit belangrik om te weet presies wat die bestek van die temporele kontinuum is wat die neutrale temporele waarde van die woordeboek weerspieël. Hoe lank gelede laas moes 'n woord gebruik gewees het om byvoorbeeld as verouderd geëtiketteer te word? Die WAT gebruik die etikette *verouderd* en *verouderend*. In die gebruikersgids word verklaar dat die etiket *verouderd* gebruik word om aan te toon dat 'n lemma, betekenisonderskeiding of uitdrukking verouderd geraak het en in onbruik verval het. *Verouderend* dui volgens die gebruikersgids daarop dat 'n lemma, betekenisonderskeiding of uitdrukking op grond van sy kwynende gebruiklikheid besig is om te verouder. Daar word nie aangedui vir hoe 'n lang tyd die woord in onbruik moet wees of in watter mate dit reeds in onbruik moes verval het om vir een van hierdie etikette te kwalifiseer nie. Voldoende temporele deiktiese verankering is moeilik bereikbaar as die bestek van die etiket nie nader bepaalbaar is nie.

In die WAT word gebruikers nie altyd optimaal gehelp om óf die gebruik óf die niegebruik van hierdie etikette te interpreteer nie. Dit geld ook die gebruik van die deiktiese aanduiders *verouderd* en *verouderend* waar dit nie as 'n etiket optree nie.

Albei betekenisonderskeidings van die woord *kompenie* word as verouderd gemerk en al die voorbeeldmateriaal in die betrokke semantiese subkommentare het 'n 1937-dagtekening.

kompenie s.nw.

1 Verouderd en weinig gebr. vir *kompanie 1*: *Warden (het) in Natal aangeklop om hulp, en sir Benjamin Pine het hom twee kompanies voetgangers toegestuurt* (G.S. Preller: Pretorius, 1937, 424).

2 Verouderd en weinig gebr. vir *kompanjie 1*: *Reeds vóór die herroeping van die Edikt van Nantes het die bewindhebbers van die Nederduits Oos-Indiese kompanie aan Franse Hugenote gunstige voorwaardes aangebied vir hulle oorvaart na die Kaap* (G.S. Preller: Daglemer, 1937, 130). *Die Hollanders het, wat Suid-Afrika betref, nie veel verder gesien as die kompanies groentetuine aan Tafelberg se voet nie* (G.S. Preller: Daglemer, 1937, 130).

Figuur 22: Artikel uit die WAT

Hierdie deel van die WAT het in 1984 verskyn. 'n Woord waarvan die optekening effens minder as 50 jaar voor die verskyning van dié woordeboekdeel

was, word as verouderd aangedui. Hierdie voorbeeldmateriaal vorm 'n aanvullende en sekondêre vlak van deiktiese verankering. 'n Deiktiese aanduider soos *verouderd*, hetsy as etiket hetsy as deel van 'n komplekse aanduider, dui op 'n algemene temporele beperking. Om suksesvolle deiktiese verankering te verseker, is sekondêre deiktiese aanduiders, byvoorbeeld die tydaanduiders van gebruiksvoorbeelde, ook nodig om die rudimentêre verankering tot 'n volledige deiktiese verankering te omskep.

Die lemma *ruif* word ook as verouderd aangedui en wel deur die temporele etiket:

ruif s.nw., ruiwe. (*verouderd*) Ook, verouderd, *ruig*. VOERRAK: *Indien moontlik moet hooi in 'n geskikte rak (ruif) ... aangebied word sodat die perd homself besig hou ... deur rustig aan die hooi te pluk en te kou* (Landbw., 10 Aug. 1979, 44).

Figuur 23: Artikel uit die WAT

Die voorbeeldsin in hierdie artikel kom uit 'n artikel wat in 1979 geskryf is. Die lemma *ruif* is opgeneem in Deel XIII van die WAT wat in 2009 verskyn het. Die temporele etiket word aangevul deur die optekeningdatum van die sitaat om deiktiese verankering te bewerkstellig deur middel van 'n tweefase-bewerking. Die implikasie van die sekondêre deiktiese aanduider, die aanduider van die datum van die voorbeeldsin, is dat hierdie woord wat in 1979 opgeteken is as verouderd geag word — 'n optekening dertig jaar voor die publikasiedatum van hierdie deel van die woordeboek.

Geen temporele etiket word gebruik in die artikel van die lemma *skerpskutter* nie:

skerpskutter (*skerp-skut-te-ry* / *skerp-skut-te-ry*) s.nw.
SKERPSKUTTERSUN: *Hoewel hulle nie veel wild teengekom het nie, kon Susan darem haar skerpskutter ten toon stel voor Fanie* (W. Martin in *Huisg.*, 20 Nov. 1959, 70). *Hier* (b.d. Slag van Majuba) *was geen sprake van oorweldigende vuurkrag nie, maar van individuele vernuf, skerpskutter en terreinkennis wat die deurslag gegee het* (D.W. Krüger: Kruger I, 1961, 233).

Figuur 24: Artikel uit die WAT

Die twee voorbeeldsinne in hierdie artikel kom uit 1959 en 1961. Hierdie deel van die WAT het in 2013 verskyn. 'n Woord waarvoor die enigste opgetekende voorbeeldsinne uit 1959 en 1961 kom, meer as 50 jaar voor die verskyning van hierdie woordeboekdeel, is nie as verouderd aangedui nie. Hierdie soort inkonsekwentheid maak dit moeilik vir die woordeboekgebruiker om die inskrywings in die woordeboek suksesvol deikties te kan veranker aan die woordeboeksterne wêreld.

Soos in die geval van ruimtelike etikette moet temporele etikette as primêre deiktiese merkers gesien word. 'n Ruimtelike etiket soos *streektaal* gee slegs 'n vae aanduiding van ruimtelike beperking en moet liefers van 'n presiserende aanduiding vergesel word om 'n volledige deiktiese verankering te kan bewerkstellig. Eweneens kan etikette soos *verouderd* en *verouderend* ook as onpresiese aanduiders van 'n temporele beperking gesien word. 'n Veel meer gerigte deiktiese verankering kan wel plaasvind indien die toeligtigsteks van die woordeboek 'n aanduiding gee van die bestek van hierdie etikette. So 'n aanduiding sal waarskynlik nie heeltemal presies kan wees nie, maar dit kan 'n tersaaklike tydgleuf verstrek. Vir die etiket *verouderend* sou die verklaring byvoorbeeld iets kon wees soos: "Wat kwynende gebruiklikheid oor die afgelope 30 jaar vertoon", terwyl die etiket *verouderd* verklaar kan word as "Wat die afgelope 50 jaar grootliks in onbruik was". Hierdie etikette hoef dan nie deel van hibriedeaanduiderkomplekse te wees nie, want geen verdere temporele presisering is nodig in die etiketsoeksone nie. Die gleuf vir temporele etikette kan slegs die betrokke etiket bevat, aangesien die gebruiker sal weet wat die spesifieke temporele afwyking van die leksikografiese deiktiese sentrum is. Ter wille van bykomende ondersteuning is dit belangrik dat die dagtekening van sitate wat as koteksaanduiders verstrek word wel die temporele kontinuum wat die etiket verteenwoordig, moet ondersteun. Uiteraard sal daar soms ook voorbeelde opgeneem word wat buite die betrokke tydval val, maar die verklaring van die etiket se bestek is nie absoluut nie en laat ruimte vir uitsonderingsgevalle. Die WAT maak tans gebruik van 'n aanduiding "■ In 'n ou bron" waar die soeksone vir koteksaanduiders 'n sitaat bevat met 'n veel ouer dagtekening as die res van die sitate. In ooreenstemming daarmee sou die artikel van 'n woord wat as *verouderd* geëtiketteer is maar wat 'n sitaat uit 'n onlangse bron bevat, 'n aanloopaanduiding soos "■ In 'n onlangse bron" kon hê.

7.3.1 Neologismes

Met betrekking tot temporele deiktiese verankering in gedrukte woordeboeke word veral inskrywings deikties gemerk wat tot 'n ouer era behoort. Veral in omvattende woordeboeke word inskrywings selde as neologismes gemerk want die woordeboek fokus op die insluiting van vorme wat reeds gevestig is in die leksikon van die betrokke taal. Die moontlikhede wat die digitale era bied en die dinamiese aard van aanlyn woordeboeke maak dit moontlik om wel ook vorme op te neem wat van die temporele kern van die leksikografiese deiktiese sentrum afwyk deurdat hulle neologismes verteenwoordig wat nog nie genoegsaam in die leksikon gevestig is om aan die gewone opnamekriteria te voldoen nie. Gedrukte woordeboeke is reeds enigsins verouderd wanneer hulle verskyn en hulle kan nie al die jongste toevoegings tot die leksikon insluit nie. Nuwe vorme wat vroeë tekens van vestiging in die leksikon toon, kan dikwels eers met 'n volgende uitgawe van 'n woordeboek vir insluiting oorweeg word. Die gemak waarmee inskrywings in 'n aanlyn woordeboek opgeneem en

weer weggelaat kan word, kan daartoe lei dat leksikograwe dit kan oorweeg om niegevestigde neologismes op te neem. Sulke vorme kan dan gemerk word met 'n deiktiese aanduiders wat aantoon dat hulle nog nie in die leksikon gevestig is nie, maar 'n gebruiklikheid het wat hulle vir voorlopige opname laat kwalifiseer. As dit later vasgestel sou word dat sulke vorme modevorme of leksikale eendagsvlieë was, kan hulle maklik genoeg weggelaat word sonder dat leksikograwe hoef te wag vir die bewerking van 'n nuwe uitgawe van die woordeboek.

Die onlangse toetrede tot die leksikon van talle coronaneologismes kan as voorbeeld dien. Talle nuwe vorme is geskep wat leksikograwe ter wille van relevantheid so gou moontlik in hulle woordeboeke sou wou opneem, vergelyk voorbeelde soos *grendeltyd*, *superverspreider*, *sleutelborddeftig*, *borrelbestaan*, *sosiale afstand*, *coronalatig* en *covidioot*. 'n Hibriede- aanduiderskompleks, soos "(*Neologisme* > Hangende)" sal aandui dat inskrywings tans, dit wil sê op die datum waarop die inskrywing in die woordeboek opgeneem word, nuut in die taal voorkom, maar dat daar geen waarborg is dat die betrokke vorm 'n gestandaardiseerde item van die leksikon sal word nie. Ook hier moet die toeliggende aantekeninge die bestek van die etiket *neologisme* verklaar, byvoorbeeld as vorme wat die afgelope jaar in die taal voorkom. Die aanduiderskompleks moet aangevul word deur koteksinskrywings wat vergesel word van 'n aanduiders wat die datum van opname verstrekk en wat dan as 'n verdere inskrywing ter bereiking van volledige deiktiese verankering optree.

'n Hibriede- aanduiderskompleks, soos "(*Neologisme* > Hangende)" sal 'n vorm van komplekse deiktiese verankering wees wat die gebruiker help om die inligting te onttrek dat dit veilig is om die betrokke woord te gebruik, maar dat die vorm 'n beperkte gebruiksweg mag hê.

8. Ter afsluiting

Woordeboekgebruikers verwag leiding van hulle woordeboeke wat hulle daartoe in staat stel om suksesvol te kommunikeer sonder om woorde of uitdrukkings te gebruik wat onvanpas vir 'n bepaalde gespreksituasie is. Een van die opdragte aan leksikograwe is om genoegsame deiktiese aanduiders te verstrekk om die gewenste en volledige deiktiese verankering te bewerkstellig. Verskillende tipes deiktiese merkers, byvoorbeeld aanduiders, aanduidersimbole en aanduidersdele kan 'n rol speel. Leksikografiese etikette tree dikwels in 'n fokusposisie van 'n woordeboekartikel op en bewerkstellig die eerste fase van deiktiese verankering. Waar hierdie eerste fase slegs tot rudimentêre verankering lei, is verdere fases nodig, onder meer die gebruik van hibriede-aanduiderskomplekse en die gebruik van sitate wat as koteksaanduiders inskrywings bevat wat die nodige ruimtelike en temporele verbandlegging daarstel. Die bewerking in 'n woordeboek moet voorsiening maak vir die benutting van 'n multifaseverankering waar dit nodig is om deiktiese sukses te behaal. Bewerkingseenhede in woordeboekartikels, hetsy die lemma hetsy 'n ander aanduiders,

moet die adres van genoegsame deiktiese aanduiders wees om die betrokke inskrywing suksesvol met die woordeboekeksterne werklikheid te kan verbind.

Bronnelys

Woordeboeke

<https://www.lexico.com/definition/> Geraadpleeg Julie 2021.

<https://longman-hat-co-za.ez.sun.ac.za/?m=d> Geraadpleeg Julie 2021.

<https://www-pharosaanlyn-co-za.ez.sun.ac.za/soek> Geraadpleeg Julie 2021.

<http://www.woordeboek.co.za.ez.sun.ac.za/> Geraadpleeg Julie 2021.

De Villiers, M. et al. (Reds.). 1987. *Nasionale woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Kempcke, G. et al. (Reds.). 2000. *Wörterbuch Deutsch als Fremdsprache*. Berlyn: De Gruyter.

Luther, J. et al. (Reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Kaapstad: Pearson.

Makino, S. en M. Tsutsui. 1986. *A Dictionary of Basic Japanese Grammar*. Tokio: The Japan Times.

Sanders, D. 1860. *Wörterbuch der deutschen Sprache*. Leipzig: Verlag von Otto Wigand.

Wiegand, H.E. et al. (Reds.). 2010. *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung / Dictionary of Lexicography and Dictionary Research. Deel 1*. Berlyn: De Gruyter.

Ander bronne

Atkins, B.T.S. en Michael Rundell. 2008. *The Oxford Guide to Practical Lexicography*. Oxford/New York: University Press.

Béjoint, H. 2010. *The Lexicography of English*. Oxford: Oxford University Press.

Bergenholtz, H. en R.H. Gouws. 2012. Synonymy and Synonyms in Lexicography. *Lexicographica* 28: 309-335.

Bergenholtz, H. en R.H. Gouws. 2014. Lexicographical Perspective on the Classification of Multi-word Combinations *International Journal of Lexicography* 27(1): 1-24.

Bergenholtz, H. en S. Tarp. 2003. Two Opposing Theories: On H.E. Wiegand's Recent Discovery of Lexicographic Functions. *Hermes, Journal of Linguistics* 31: 171-196.

Beyer, H.L. 2006. *Metaleksikografiese ondersoek na konteksleiding in Afrikaanse vertalende woordeboeke*. Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Bolinger, D. 1985. Defining the Undefinable. Ilson, R. (Red.). 1985. *Dictionaries. Lexicography and Language Learning*: 69-73. Oxford: Pergamon Press.

Bothma, T.J.D. 2018. Lexicography and Information Science. Fuertes-Olivera, P.A. (Red.). 2018. *The Routledge Handbook of Lexicography*: 197-216. Londen/New York: Routledge.

Bothma, T.J.D., R.H. Gouws en D.J. Prinsloo. 2016. The Role of e-Lxicography in the Confirmation of Lexicography as an Independent and Multidisciplinary Field. Margalitadze, T. en G. Meladze (Reds.). 2016. *Proceedings of the XVII EURALEX International Congress. Lexicography and Linguistic Diversity, Ivane Javakhishvili Tbilisi State University, Tbilisi, Georgia, 6-10 September, 2016*: 109-116. Tbilisi: Ivane Javakhishvili Tbilisi State University.

Beskikbaar: http://euralex.org/wp-content/themes/euralex/proceedings/Euralex%202016/euralex_2016_008_p109.pdf (en <http://euralex2016.tsu.ge/publication2016.pdf>).

- De Klerk, W.J.** 1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth.
- Gouws, R.H.** 1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *S.A. Tydskrif vir Taalkunde*. Geleentheidsuitgawe 6: 1-56.
- Gouws, R.H.** 1989. *Leksikografie*. Pretoria/Kaapstad: Academica.
- Gouws, R.H.** 2014. Expanding the Notion of Addressing Relations. *Lexicography*: 1(2): 159-184.
- Gouws, R.H.** 2020. Special Field and Subject Field Lexicography Contributing to Lexicography. *Lexikos* 30: 143-170.
- Gouws, R.H., U. Heid, W. Schweickard en H.E. Wiegand (Reds.)**. 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlyn/New York: De Gruyter
- Hausmann, F.J. en H.E. Wiegand**. 1989. Component Parts and Structures of General Monolingual Dictionaries: A Survey. Hausmann, F.J. et al. (Reds.). 1989-1991: 328-360.
- Hausmann, F.J. et al. (Reds.)**. 1989-1991. *Wörterbücher. Dictionaries. Dictionnaires. An International Encyclopedia of Lexicography*. Berlyn/New York: De Gruyter.
- Kaplan, S.M.** 2020. *A Theoretical Model for the Preparation of an Inclusive and Bias-Free Expression Dictionary*. Ongepubliseerde Ph.D.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Kavanagh, K.** 2000. Words in a Cultural Context. *Lexikos* 10: 99-118.
- Lombard, F.J.** 1993. Etikette in sinchronies verklarende woordeboeke. *Lexikos* 3: 140-151.
- Lyons, J.** 1968. *Introduction to Theoretical Linguistics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Lyons, J.** 1977. *Semantics*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Šipka, D., A. Vrbinc en M. Vrbinc**. 2021. Normative Labels in Slovene Dictionaries: Users' and Lexicographers' Perspectives. *International Journal of Lexicography* 34(2): 183-205.
- Tarp, S.** 2008. *Lexicography in the Borderland between Knowledge and Non-knowledge. General Lexicographical Theory with Particular Focus on Learner's Lexicography*. Tübingen: Niemeyer.
- Wiegand, H.E.** 1989. Der gegenwärtige Status der Lexikographie und ihr Verhältnis zu anderen Disziplinen. Hausmann, F.J. et al. (Reds.). 1989-1991: 246-280.
- Wiegand, H.E.** 1989a. Der Begriff der Mikrostruktur: Geschichte, Probleme, Perspektiven. Hausmann, F.J. et al. (Reds.). 1989-1991: 409-462.
- Wiegand, H.E. en R.H. Gouws**. 2013. Macrostructures in Printed Dictionaries. Gouws, R.H. et al. (Reds.). 2013: 73-110.
- Wiegand, H.E. en R.H. Gouws**. 2013a. Addressing and Addressing Structures in Printed Dictionaries. Gouws, R.H. et al. (Reds.). 2013: 273-314.
- Wiegand, H.E. en M. Smit**. 2013. Microstructures in Printed Dictionaries. Gouws, R.H. et al. (Reds.). 2013: 149-214.
- Zgusta, L.** 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.